


Kompetisie wenfoto: Piet Groenewald

# Kranspoort Bulletin

Uitgawe 9, April 2022

## In hierdie uitgawe:

**Ons groet die son.**

**Temas**

Aktueel - Bl 3
Natuur - Bl 8
Gemeenskap - Bl 11
Sport - Bl 16
Inspirasie-, kennis- en speeltyd - Bl 21
Foto-gallery - Bl 25
Advertensies - Bl 32

# Kom ons groet die son.

Herfs is beslis my gunsteling seisoen. Dis ‘n goue seisoen. Dis ‘n sonsopkoms- en sonsondergangseisoen. Dis ‘n seisoen met heerlike gematigde dae, koel aande, verkleurende natuur en baie sonskyn. Kom ons groet die son!

Ek vra my dierbare wederhelf hoe hy die son groet. Al antwoord wat ek kry, is ‘n brom en iets van “laf wees” en “wie wil nou..”

Ék groet die son! Nie net die fisiese son wat helder deur die wolke skyn of vroegoggend rooi en pienk teen die horison verf nie. Ek groet ook die son wat in my lewe skyn. Daardie oomblikke van genade, oomblikke van suiwer vreugde en ‘n oomblik van liefde wat my hart soms so warm laat klop. Dit is alles sonskyn-oomblikke en ek groet en verwelkom elkeen van hulle, soos goeie ou vriende wat my van tyd tot tyd kom besoek.

Ek vra die vraag aan die Redaksielede: “hoe en wanneer groet julle die son?” en kry die volgende antwoorde:

Hester Hattingh: Ek groet die son elke oggend met ‘n saluut om die nuwe dag te omhels, nog ‘n nuwe dag deur God aan ons gegee.
Elsabé Strydom: Ek groet die son in dusketyd…’n tyd van stil verlange…’n tyd wanneer ek rustig op my stoep sit, wanneer die son groet met ‘n kleureprag wat langsaam versag tot nag.
Trisha Louwrens
Wanneer die son my groet, is daar ‘n soete herinnering dat ek, deur genade, nog ‘n kans kry om ‘n verskil te maak, om reg te maak.
Erna Ruthven
Ek groet die son elke oggend deur my kamervenster nes sy strale oor Vaalkop sigbaar is. Dan kan ek met blydskap “dankie” sê vir nog ‘n nuwe dag wat by my lewe gevoeg is.

Kom ek vertel julle eers gou van hierdie nuwe Bulletin…Weereens is dit weer propvol Kranspoortdinge. Ek wil so paar van die hoogtepunte uitlig: Die pragtige foto’s van al die deelnemers van ons fotokompetisie pronk in die fotogallery. Veels geluk aan die wenners: 1st prys: Piet Groenewald, 2de prys: Piet Groenewald, 3de prys: Alwyn Kruger. Onthou die volgende fotokompetisie sal in Junie plaasvind. Alle fotos word deur ‘n paneel beoordeel. Gedurende die beoordeling word die foto’s, sonder die fotograaf se naam, bespreek en beoordeel.

Dan is daar die mening of opinie van Kranspoorters wat een van die huidige brandpunte op almal se tonge, aanspreek: Is ons ‘n natuurreservaat, of is ons ‘n gewone dorp, geleë binne ‘n natuurhabitat? Hierdie is beslis ‘n gelaaide vraag met geen enkele duidelike antwoord nie.
Gaan lees gerus ook Suster Elsie se eerste rubriek oor mediese raad en algemene gesondheid en lees ook hoe die gholfbaan geskiedenis maak deur die eerste te wees om ‘n sosiale gholfklub te stig. Maar laat ek nou nie die hele kat uit die sak laat nie.

Geniet hierdie pragtige herfs-seisoen en ons negende uitgawe.
Wanda Underhay

# Johan gesels...

*Johan Cross, Voorsitter van KEK, gesels met ons.*

Ek word dikwels deur voornemende beleggers en bestuurslede van ander Ekolandgoedontwikkelings gevra of Kranspoort suksesvol is. Uiteraard is dit moeilik om nie ‘n subjektiewe antwoord te gee nie, maar sonder moeite kan ek met ‘n skoon gewete die groei in die waarde van ons eiendom uitwys. Die omkeertyd van eiendomme in die mark, die tekort aan beskikbaarheid van leë erwe en die vraag na duurder eiendomme is alles aanduidend van sukses.

Natuurlik speel die pragtige natuuskoon en ons besondere omgewing ‘n groot rol hierin. Ook die rol wat tuiswerkers sedert die Covid-19 pandemie speel. ‘n Unieke en reuse voordeel in ons guns is egter die wonderlike samewerking van die meerderheid van ons inwoners.

Vrywilligers inspekteer ons heining, ander neem deel aan Opstoppers wat die sekuriteit bystaan, woeker saam met die Woemas om fondse in te samel, Vonkelvroue, die Markkomitee, hierdie Bulletin se redaksie en, en, en. Die Jukskei brei uit, die gholfbaan is op sy mooiste ooit, Geveerde vriende is aktief en die “nuwe” hengelklub bars uit sy nate. Nuwe uitkykpunte word gemaak en reservoirs opgerig. Almal poog om Kranspoort ‘n beter en meer besonderse plek te maak vir almal om in te woon. Sonder ver-goeding.

Die jagters verdien spesiale melding. Sonder enige vergoeding spandeer hulle dae lank in die hitte en stof met hulle eie toerusting om ons te help met ons wildsbestuur.

Hulle verduur kritiek, meestal onnodig, en selfs kwaadwillige klagtes by die SAPS, ter wille van ‘n meer suksesvolle Kranspoort. Nogmaals baie dankie aan elkeen van julle.

Vervolg op bladsy 2

# Johan gesels... (vervolg)

En tog, midde hierdie euphoria, vind jy enkelinge wat mens en dier traumatiseer met die ontydige geblaf en gekef van hulle honde. Enkeles wat gapings in die wet soek om honde aan te hou of om nie heffings te betaal nie en by elke geleentheid poog om ander inwoners te oorreed om dieselfde te doen. Sonder om enige alternatief daar te stel om ons meer suksesvol te maak…


As ek saans die son groet waar dit vlammend agter die berg verdwyn, wonder ek of jy met die keffende hond, en jy met jou ondermynende planne, ook vrede in ons veilige omgewing vind?

Ek vra, want ek wonder.

Kom ons leef saam in vrede, selfs met al ons verskille, opinies en vrese, as 'n eenheid en 'n gemeenskap, in die skoonheid en rustigheid wat Kranspoort ons almal bied en laat die son ook oor ander skyn.

Johan

Fotokompetisie-2de plek: Piet Groenewald



Fotokompetisie-3de plek: Alwyn Kruger





Foto deur:
Benita Myburgh

# Operasionele verslag: Christo gesels met Elsabé oor Kranspoort.

Ons het die afgelope tyd heelwat navrae gekry rakende die voltooiing van Kranspoortrylaan se plaveiselpad. Die kort antwoord is, daar is geen vordering met die munisipaliteit nie. Verskeie afsprake is gemaak, maar nie nagekom nie. Dit blyk dat daar probleme met personeel is wat dit baie moeilik maak om by die regte persoon uit te kom. Johan Cross werk hard daaraan om een enkele kontakpersoon vir Kranspoort te kry, waarmee ons oor verskeie sake kan gesels en onderhandel. Die nuutste antwoord wat ons ontvang het, is dat werknemers van die munisipaliteit klaarblyklik reeds die opmetings gedoen het, maar daar is geen verdere kommunikasie van hulle kant af nie.

Ons is in die proses om G5 padgruis aan te koop of met ‘n graafmasjien te laat uitkrap. Daarmee kan ons die erg verspoelde areas aanpak, opvullings doen en die paaie sodoende meer rybaar maak.

Die tweede onderwerp waaroor ons vele navrae ontvang, is die uitdunning van wild. Ek wil graag onder die Kranspoorters se aandag bring dat ons ‘n geregistreerde plaas is. Dit beteken dat ons dwarsdeur die jaar kan skiet. Volgens ons wilduitdunningsprogram is dit bykans tyd om al die knypkop- en penkoprammetjies uit te dun. Die aanwas was hoog en intelery ‘n probleem. Die afgelope drie jaar was ons besig om die bloedlyne te verbeter deur nuwe ramme en ooie in te bring. Daar is egter verskillende maniere van uitdunning: Uitskiet, uitvang of verdoof van die wild, waarna hulle verkoop kan word. Ons het nou goeie kwotasies gekry vir die uitvang of verdoof van die rooibokkies.

Kranspoort is onderhewig aan Natuurbewaring se reëls en regulasies en volgens die kundiges soos Carina Koelman en Johan Oosthuizen se leiding, word ‘n uitdunningsprogram ontwikkel en gevolg. Met die hoë aanwas en oorbevolking van ons wild, neig ons na oorbeweiding van ons veld. As Natuurbewaring volgende jaar kom inspeksie doen, loop ons gevaar om beboet te word en kan hulle sover gaan om self diere te kom verwyder, sonder dat Kranspoort finansieël daarby gaan baat.

Daar was ‘n insident waar iemand jagters by die polisie aangegee het. ‘n Speurder, van Veediefstaleenheid van SAPS, het die saak kom ondersoek. Ons dokumente, prosedures en planne is nagegaan en geen ongeruimdhede gevind nie. Ons is van enige blaam onthef.

Daar was sprake dat die Biblioteek geskuif sou word. Daar is egter besluit om dit onveranderd te laat. Lesers is dus welkom om steeds die Biblioteek in die Administrasiegebou te besoek.

Wat die beskikbaarheid van water aanbetref: die nuwe reservoir is pas voltooi en verleen ons dubbel die waterkapasiteit van wat ons voorheen gehad het. Die Veolia-aanleg verseker dat die water in ons krane kristalhelder en skoon is. Dit is met uitsondering dat filters uitgewas moet word en lae klippies en sand ingepak word. Ons versoek Kranspoorters se geduld en begrip met die spoel van brandkrane, wat “bruin water”veroorsaak. Dit is tydelik van aard, maar ‘n baie nodige proses.

**Kranspoort Direksie:**

Johan Cross:
Voorsitter
Sel nr. 083 709 0227

Rudi Kruger
Onder-Voorsitter
Sel nr. 083 325 6081

Dries Lategan
Direkteur: Finansies
Sel nr. 082 452 5171

Steve J van Rensburg:
Direkteur: Sekuriteit, Gesondheid en Veiligheid.
Sel nr. 084 588 1690

Frik Roux.
Direkteur: Wild en Omgewingsake.
Sel nr. 083 229 7601

Theo Hurter
Direkteur: Heffings en Lederegister.
Sel nr. 066 286 3232

Wynand Pretorius
Direkteur : Gholf
Sel nr. 083 279 4272




Foto: Johan Potgieter

# KEK stel nuwe werknemers aan.

Saamgestel deur Trisha Louwrens



## Ontvangsdame

KEK stel voor vir: Anna-Marie Myburgh, ons vriendelike nuwe gesig in die kantoor. Sy kom oorspronklik van die Vrystaat af. Sy, haar man en dogter is nou bykans 4 maande reeds inwoners van Kranspoort. Hulle het, na 23 jaar in Kriel, hierheen verhuis, hoewel haar seun weens werkgeleentheid daar moes agterbly. Dit verskaf hulle groot vreugde om in die natuur te wees. Verder belangstellings is kampering, die wildlewe en motorfiets ry. Met haar pragtige glimlag gaan sy beslis in Krans-poorters se harte kruip.



## Tegniese Beampte

Maak kennis met Dewald Kloppers, Kranspoort se Senior Tegniese Beampte wat die 17de Januarie 2022 aangestel is. Hy is ‘n permanente inwoner van Krans-poort. Hy is verloof en hulle beplan om die 13de Mei 2023 te trou. Hy het van skooldae saam met ‘n vriend Kranspoort besoek en het toe al baie van die omgewing gehou. Na skool het hy eers op luukse bote gewerk, waarna hy ‘n draai in St. Lucia gemaak het en toe later by Dual Airconditioning in Middelburg begin werk het. In daardie tyd het hy die mense in Kranspoort leer ken. Hy is nog jonk maar entoesiasties en geniet sy werk. Hy is lief vir visvang, die buitelewe, fietsry en fotografie.Tans ry hy met sy fiets werk toe. Hy is beslis n aanwins vir KEK en die gemeenskap.

# Kranspoorters sê hulle sê..

*Gedurende die AJV van Januarie 2022, het Carina Koelman van die Dept. Natuurbewaring, oor ons natuur kom gesels. Onder andere oor ons status: Kranspoort as natuurreservaat of Kranspoort as Munisipale dorp. (lees meer hieroor op bladsy 8). Johan Cross het aangesluit by haar boodskap en die gehoor gevra wat hul siening is.*
*Ons het verder daarop uitgebrei en dieselfde vraag aan die groter gemeenskap herhaal:*
*"Hoe wil Kranspoorters hul dorp beleef? Is Kranspoort 'n ekolandgoed (Natuurreservaat) waar die fokus hoofsaaklik op die ekostelsel is en die dorp bestuur word as deel van die groter ekostelsel", of Is ons 'n dorpsgebied, hoewel binne 'n ekostelsel wat bestuur word soortgelyk as 'n munisipale dorp?"*

*45 Mense het aan die elektroniese meningsopname deelgeneem, met 'n 100% voorkeur vir 'n ekostelsel of natuurreservaat as fokus, waarbinne ons die voorreg het om te woon. Lees gerus sommige van die terugvoer wat ons ontvang het.*

Christiaan: Die nuwe huise wat nou gebou word, is in elk geval estate standaard huise en nie net meer vakansiehuise nie. Glencullen kan gaan slaap, hierdie is ons paradys.
Piet Knoetze: Volgens my, is die besluit lankal geneem. Dit is hoekom ons reeds onafhanklik opereer en oor 'n goeie stel reëls beskik.
Tienie: Dis hoekom ek hier gekoop het, met die idee van 'n wildplaas.
Adriaan en Rita Meintjies: Ek sal eerder nie 'n dorp wil wees met heinings, honde en katte nie. Dis hoekom ons hier bly; om in die bos te wees saam met die natuur en diere. Ons sal defnitief nie soos 'n munisipale dorp bestuur wil word nie.

Die vraag dink ek egter behoort te wees: "Is Kranspoort 'n munisipale dorp binne 'n natuurlike habitat met 'n eie eko-sisteem wat gekoester en bewaar moet word?" Die antwoord behoort dan na my mening slegs 'n JA of NEE te wees en nie meer die een of die ander nie.

Die vraag, soos in paragraaf een gestel, is seer sekerlik voortvloeiend uit die aanmerking van die jong dame, Carina Koelman, tydens die AJV van 8 Januarie 2022. Haar aanmerking was gemaak na aanleiding van opmerkings uit die gehoor rakende honde en katte op Kranspoort.
Die honde en katte, soos die dame in haar aanbieding dit gestel het, bedreig nie die eko-sisteem of die nauurlike habitat van die munisipale dorp nie. Dit is slegs 'n steurnis vir ons wilde diere. Dit is egter 'n veel groter steurnis vir ons as menslike inwoners, wat oorspronklik nie deel van die eko-sisteem of natuurlike habitat vorm nie, maar eerder as indringers gesien moet word.

Dit is 'n steurnis vir ons, want die honde raas en dit herinner ons aan 'n reël wat gebreek word. Die honde wat raas, is 'n realiteit en die reël wat gebreek word, het niks met die habitat, eko-sisteem of die munisipalieit uit te waai nie, maar wel met die emosies van mense. Die emosies van mense wat voel hulle word te na gekom en die emosies van mense met die laer integriteit wat die reël willens en wetens verbreek.

Vervolg op bladsy 6

Die antwoord blyk nie so eenvoudig te wees nie. Aan die een kant betaal ons Munsipale erf belasting en kry nie waarde vir ons geld nie. Sou ons net n Munisipale-entiteit word en afhanklik word van hulle vir dienste, is ek bevrees gaan Kranspoort nie meer die gesogde plek wees om in te woon nie.

Die feit dat Kranspoort self versorgend ten opsigte van interne dienste is, (al betaal ons 'n levy wat inteendeel heelwat goedkoper as ander veiligheid komplekse is), word 'n hoë standaard van dienste gelewer. 'n Pluimpie vir ons bestuur.

Bykomend to bogenoemde is ons 'n natuur/eko-plaas met wild, bome en n bio-diversiteit wat met tertyd opgebou is na wat ons vandag op Kranspoort beleef.

Ten slotte wil ek net sê: as ons nie ons bestuur ondersteun d.m.v. betaling van ons heffings nie, gaan ons later verval na 'n verswakte, versukkelde dorp. Daarom, word asseblief 'n goeie en opregte Kranspoort-inwoner wat al die fasette en voordele wat Kranspoort bied met die' gesindheid te beleef en te geniet!!

Fred Joubert

**Kranspoort, 'n eko-sisteem of 'n munisipale dorp binne 'n natuurlike habitat? (vervolg)**

Terug na die vraag in paragraaf 2:
"Is Kranspoort 'n munisipale dorp binne 'n natuurlike habitat met 'n eie eko-sisteem wat gekoester en bewaar moet word?" en my antwoord is JA.
Per definisie voldoen ons aan die beskrywing van 'n dorp binne munisipale grense met afgebakende erwe, grense, infrastrukuur en inwoners wat behoorlik bestuur word soos in enige munisipaliteit en daarvoor betaal.

Die dorp of woonarea met al die infrastruktuur val egter binne die natuurlike habitat van baie van ons plantegroei en diere. Die natuurlike habitat het 'n gesonde eko-sisteem nodig vir die ondersteuning van al ons diere en plante, selfs die wat nie natuurlik hier voorkom nie.
Aangesien ons as inwoners seker die grootste negatiewe invloed op die eko-sisteem het, is dit ons plig om soveel meer te doen om dit te bewaar en gesond te hou. Indien ons dit nie doen nie is daar geen moontlikheid dat ons nageslag 'n Kranspoort gaan erf wat lyk soos hy nou is nie.

Willie Schoeman

## Rudi Kruger: Ek het om die volgende redes hier op Kranspoort kom vestig:-

**Veiligheid en sekuriteit.**

Veiligheid en sekuriteit word bevestig in die eeu-oue idioom “Eendracht maakt Macht”. Daarom wil ons ALMAL binne Kranspoort sien saamstaan.

**Addisionele privaatheid.**
Kranspoort bied inwoners addisionele privaatheid indien jy dit so verkies. Omdat die gemeenskap slegs toegang tot inwoners en geïdentifiseerde gaste toelaat, het ons hier privaatheid weg van dorpsgewoel, betreders en oortreders.

**’n Gevoel van gemeenskap en samesyn.**
’n Omheinde gemeenskap soos hier op Kranspoort Wildslandgoed bied ’n gevoel van samehorigheid. Daar is ’n gevoel van verstandhouding tussen inwoners. Gemeenskapsgebeurtenisse word deurentyd deur inwoners gereël en word baie goed ondersteun en geniet. Dit help om mekaar te leer ken en vertroue en kameraadskap te kweek. *Ons moet gesamentlik die rebelle wat steeds nie by ons ge-ordenheid wil inskakel nie, hiervan oortuig.*

**Geïntegreerde leefstyl.**
Een van die baie gerieflike voordele van ’n omheinde gemeenskap is toegang tot ’n wye verskeidenheid geriewe.

**Geen deursmouse.**

**Minder verkeer en meer-en-deels minder voertuie wat jaag.**
Beter verkeer met minder geraas en jaagduiwels.Lewe in ’n Omheinde Gemeenskap bring ’n wonderlike gewaarwording van vrede en stilte weg van die gewone dorps- en stadslawaai.

**Hoër eiendomswaardes.**
Kranspoort bied in die algemeen meer bekostigbare erwe. Beperkings op wat gebou mag word binne Kranspoort is beslis in die minderheid en as dit ontleed word, is dit altyd tot voordeel van die eienaar. Die opbrengs op belegging in Kranspoort is beslis bo-gemiddeld en daar word voorsien dat dit nog verder sal verbeter.

**Groener, natuurlike Bosveld-omgewing.**
Kranspoort Wildlandgoed is nog baie jonk. Ons kan egter nou al die voordele van die natuur geniet. Hier is amper geen besoedeling nie.

Rudi Kruger

# Aanlyn slenters steek kop uit in Kranspoort. (deur Deon Taljaard)

Nuus van aanlyn slenters, waar booswigte kwesbare mense uitbuit, is deesdae nie ongewoon nie. In Maart vanjaar was Kranspoorters ook nie gespaar nie. Swendelaars het op ‘n slinkse wyse toegang tot van ons Whatsapp-groepe verkry. Byna onmiddelik het hulle huishoudelike items teen spot goedkoop pryse op die “4Sale”-groep begin adverteer. ‘n Kranspoorter het dit egter onder die Administrateur van die groep se aandag gebring. Hulle modus operandi is om die items te adverteer, foto’s te plaas en baie goeie pryse aan te bied. Daar word dan ‘n deposito vereis, maar as die koper die item wil oplaai of die gegewe telefoonnommer skakel, bestaan dit nie. Ek het ondersoek begin instel en vasgestel dat die woonadres wat hulle verskaf het, ‘n vakante erf is en die eienaar dra geen kennis van die mense nie. Hierna het ek waarskuwings op die groep gepos en die nommer verwyder van alle Kranspoort-groepe. Daar was egter reeds twee persone wat deposito’s betaal het en nooit weer van die mense gehoor het nie.

Die volgende dag het ‘n vreemde telefoonnommer by Kranspoort se “Hengel”-groep aangesluit deur middel van ‘n uitnodigingskakel wat op die Algemene- en Alternatiewe groepe geplaas was. Byna onmiddelik het die swendelaar kampeer en hengel toerusting te koop aangebied. Ek het weer snuf in die neus gekry en by nadere ondersoek gevind dat hulle deposito’s en betaling na ‘n selfoon vereis. Die adres wat hulle aan voornemende kopers verskaf het, was ‘n veilinghuis wat nou al jare leeg staan. Weereens het ek onmiddelik ‘n waarskuwing gerig en die nommer ook daar verwyder. Ek is nie bewus van enige verliese wat inwoners in die tweede voorval gely het nie. Dit blyk dat beide die voorvalle dieselfde mense met dieselfde strategie was.

Die twee voorvalle het ons gewys dat selfs in Kranspoort, waar ons aanvaar dat almal eerlik is, ons daadwerklik ons sosiale media sekuriteit moet verskerp. Voortaan word nuwelinge behoorlik geverifieer alvorens hulle op groepe geplaas word. Die doel is geensins om inbreuk te maak op mense se privaatheid nie, maar slegs om Kranspoorters te beskerm teen hierdie tipe insidente. Ons het tans 328 Kranspoorters op die “4Sale”-groepe. Dit vereis behoorlike sekuriteit ten einde almal veilig te hou. Uitnodigingskakels sal in die toekoms so ver moontlik vermy word. Waar dit nie anders kan nie, sal die skakel onmiddelik herstel word na ‘n nuwe lid aangesluit het en skakels sal nie weer op groepe gedeel word nie.

Ek deel graag ‘n paar wenke om jouself te beskerm teen aanlyn swendelaars:

1. Wanneer ‘n winskopie te goed lyk om waar te wees, is dit waarskynlik. Wees veral paraat op hartseer stories en “dringende verkope”. Items wat splinternuut lyk en nog in die vervaardiger se verpakking is, moet ook die wenkbroue laat lig.
2. Moet nie ‘n deposito of die volle bedrag betaal vir items wat jy nog nie met jou eie oë gesien het nie.
3. Ons “Advertensie” groep bestaan ook uit maatskappye buite Kranspoort. Soos die “4Sale” groep is dit uiters gewild onder Kranspoorters. Ons het egter geen beheer oor die inhoud en/of risiko’s verbonde aan die maatskappye nie. Doen behoorlik navorsing alvorens vooraf betalings aan die maatskappye gemaak word vir items/dienste.
4. Wees veral bedag wanneer geld via selfoonbetaling vereis word. Die ontvanger hoef nie ‘n bankrekening te hê nie en die geld kan landwyd by enige kitsbank onttrek word. Dit maak opsporing van die booswigte uiters moeilik.
5. Moet nie aanvaar dat iemand eerlik is as hulle vir jou ‘n kopie van hulle ID-dokument stuur nie. In bogenoemde voorval is ‘n gesteelde ID-Dokument hiervoor gebruik.
6. Moet nie swig voor stories dat daar reeds voornemende kopers is en dat jy die item sal verloor as jy nie die deposito of volle bedrag betaal nie. Boewe maak daarop staat dat jy oorhaastige besluite sal neem. Verloor eerder die item voordat jy dit en jou swaar verdiende geld verloor.

# In die Natuur: (Carina Koelman gesels oor ons natuur.)

*Carina Koelman werk tans vir die Dept. Natuurbewaring. Sy het haar BSc. en BSc(Hons.) grade aan Tukkies verwerf en daarna haar MSc graad in Engeland. Carina, saam met Dr. Johan Oosthuizen word van tyd tot tyd genader vir insae ten opsigte van wild hoeveelhede en die drakrag van toelaatbare hoeveelhede wild wat ons veld kan hanteer, asook behandeling van siek diere. Carina gesels:*

Dit is vir my lekker om oor die wild te gesels en wanneer dit reg bestuur word, sal dit ook vir Kranspoort lekker wees. Ek is al sedert 2014 by Kranspoort betrokke met wild- en omgewingsake.

Daar is baie werk ingesit om Kranspoort se abattoire volgens wet in orde te kry en dit is uiteindelik geregistreer en wetlik korrek. Hierdie registrasie behels sekere aspekte oor Kranspoort se grond.

As Kranspoort ’n wildabattoire het, moet daar besluit word of Kranspoort ’n wildsplaas of ’n dorp is. Dié antwoord het verreikende gevolge. As Kranspoort ‘n wildsplaas is, is inwoners uiteraard wild-bestuurders. In die geval van ’n dorp, is almal slegs inwoners, wat beteken dat Kranspoort soos ’n munisipaliteit bestuur behoort te word, wat weer beteken dat die Bestuur/Direksie al die besluite neem. As Kranspoort dan ’n ekologiese habitat is, het *elkeen* ’n verantwoordelikheid teenoor die ekologiese balans op hierdie plaas. Inwoners het nie die geleentheid om dieselfde geraas te maak soos in ’n dorp nie. Geen troeteldiere mag aangehou word soos in ’n dorp nie, omdat jou wild die belangrikste deel is. Vir ’n hond is ’n rooibok of bosbok ‘n vyand(of prooi) en vir ’n uiltjie is ’n kat ’n vyand(of prooi).

Die natuur pas aan en sou inwoners dit vir die natuur slegter maak, sal dit ook daarby aanpas. Jou weiding gaan afneem, jou plantegroei gaan losser word en sal daar nie meer bome wees nie. Sou daar ekologiese erosie plaasvind, sal die natuur aanpas met struike om die gat toe te maak. Natuurlike grond is soet of suur. Die veld wat daarop groei, is óf soet- óf suurgras. Suurgras het ’n spesifieke reënval en groei baie vinnig en lywig. Suurgras is ideaal vir lywige grasvreters, soos ’n perd. Kranspoort het wel zebras wat baie vreet en as hulle nie vreet nie, sal hulle vrek. Dit skep ’n probleem vir ander bokke, wat weer spesifike gras vreet, soos die swartwitpense. Hulle hou van lang gras, terwyl die zebras die gras kort vreet. Omdat Kranspoort ‘n fantasiese jaar gehad het en daar baie meer gras was, het die Swartwitpense goed aangeteel. Die zebras het ook mooi aangeteel want die weiding is ideaal vir hulle ook. Dit is ’n bewys dat balans baie belangrik is.

Kranspoort het as ’n beesplaas begin. Beeste het ‘n manier om veld oor te bewei deur eers al die lekker goed te eet en daarna die slegte. Dus het Kranspoort op ‘n negatiewe noot begin. Dit het baie werk geverg om die plantegroei te verbeter en wild aan te hou.
Tans is daar té veel wild. Die rooibok is klein en lyk onskadelik, maar hulle trap paadjies in die gras en word die gras al minder; meer pote vs minder gras – ‘n basiese natuurbewarings beginsel.
Hulle het ook ’n oorlewings-instink. “Omdat ek nie meer lank hier gaan wees nie, moet ek babas maak’.
Dieselfde geld met té veel kameelperde. Anders as ‘n koedoe, vreet hy blare. ‘n Koedoe eet bietjie-bietjie aan ‘n boom en beweeg aan na die volgende boom. ’n Kameelperd eet totdat die boom kaal is voordat hy aanbeweeg. Kameelperde vreet ook net spesifieke bome, daarom sal hulle altyd in troppe en op sekere plekke gevind word, aangesien hulle voorkeur bome beperk is en net in sekere dele van Kranspoort voorkom.

Dit is belangrik om die abattoire reg te kry sodat die rooibokke en kameelperde ingeperk kan word.
Kranspoort het ’n sekere drakrag. Kranspoort val in die Loskop berg-bosveld en het dus soet gras wat goed is vir wild. Soetgras trek baie goeie voedingstof uit die grond en is meerjarige plante. Veld voorbrande word dus bitterselde gedoen omdat dit soveel jare vat om te groei.

Ek het al die vraag  ‘Waarom is hier nie meer jakkalse in Kranspoort nie?’ uit Kranspoortgeledere ontvang.  Die antwoord is eenvoudig:  die balans is versteur deur die oorpopulasie van bokke.  Die ondergroei is weg.  Aas is ’n baie klein gedeelte van ’n jakkals se dieet.  Hy verkies voëltjie-eiers, akkedisse en muise.  Sonder ondergras is daar nie grassaadjies vir die muise nie.  Muise kom nou eerder na die huise toe en ‘n jakkals sal nooit na jou huis toe kom nie.  Om balans terug te kry, moet Kranspoort sy ondergroei probeer bewaar deur die wildsgetalle te beheer.

Ek het vir die Direksie ‘n formule gegee waarteen wildgetalle bepaal word.  Hierdie formule is gebaseer op die Grootvee-eenheid formule.  ’n Bok, soos ’n eland, is 1 x Grootvee-eenheid.  ’n Bok soos ’n impala is ’n kwart van ’n Grootvee-eenheid.  Volgens hierdie formule bereken jy ook om 50% lywige-grasvreters te hê, met die res as blaarvreters.

Volgens hierdie formule word aanbeveel dat daar slegs 150 rooibokke moet wees.  Vier of vyf ramgroepe beteken dat daar te veel ramme is en teenoor die aantal ooie. Indien hierdie getal oorskrei word, kyk ons na oorbeweiding, maw te min kos in die veld.
As daar nie genoeg gras in die veld is nie sal hulle tuinplante kom eet waaraan hulle nie gewoond is nie. Dit skep ‘n verdere probleem vir die bokke. Baie tuinplante is giftig en bokke sal vrek as hulle dit vreet.  *Ek doen ’n beroep dat inwoners plante met oorleg sal plant.  Moenie eksotiese goed in jou tuin plant nie, omdat dit nie gesond vir hulle is nie en aanvaar hiermee dat hulle wel in die tuine gaan kom eet.*

Wees gewaarsku om nie wilde diere in tuine en naby huise te voer nie, want diere raak aggresief. Hulle raak op hulle gemak en arrogant. Die probleem lê nie soseer met rooibokke nie, maar wel met bosvarke.  ‘n Bosvark verloor heeltemal sy vrees vir ’n mense en sal jou in die pad aanval, omdat hy jou met kos assosieer.

Op die voer-onderwerp het ek ook voorgestel dat aankoop van voer gesentraliseer behoort te wees. Met ander woorde, KEK koop voer aan wat sal voorkom dat wild nie ongebalanseerd gevoer word nie. ’n Koedoe, byvoorbeeld, is baie sensitief wanneer dit by neutrante kom.  Hulle het tyd nodig om aan te pas as hulle dieet verander word.  ‘n Koedoe wat vandag gras eet en môre oats, *gaan vrek*.  Alhoewel hy dit kan eet, kan hy nie die neutrante daaruit onttrek nie.  Ek stel dus voor dat aankope by gerespekteerde boere plaasvind.  Goeie saadbale word gesny terwyl die gras in saad is.  Dit sal ook help om Kranspoort se natuurlike gras te verbeter.  Padbale daarenteen, ( dit is gras wat langs die snelweg gesny word) is gevul met plastiek, pompoms en allerhande gemors.  Lae gehalte bale bring gifappeltjies en pompoms in die veld mee en het geen voedingwaarde nie.  Bokke blaas ook op van lusern, dit is nie ’n natuurlike ding vir hulle nie.

Ek sluit af deur elkeen ’n bestuurder te noem, m.a.w.  elkeen het ’n natuurbewaringswerk om te doen. Wanneer jy sien dat daar iets verkeerd is, meld dit aan.  Die Direksie kan onmoontlik die hele plaas monitor nie. Met julle hulp, wat baie in die gebied rondbeweeg, maak die taak net soveel makliker. Indien jy ‘n klomp onkruid sien, laat weet asseblief. Dit beteken daar is iets verkeerd.

As inwoners besluit om ‘n “ekologiese-habitat” te wees, het elkeen werk. Wild is nie ’n hond nie,  hy sê nie vir jou dat hy nie lekker is nie.  Jy sal nie sien wanneer ’n bok siek is nie.  Hy reguleer dit self, as hy maagpyn het, sal hy aalwyn eet.

As Kranspoort se veld oorbewei word, sal daar baie bosluise wees.  Dit is baie werk, met dipbaddens, ontwurmspille, ens.
Ekologiese habitat is ’n fyn balans en ‘n werk, maar ’n LEKKER werk.

Carina Koelman

# Invasive plans

(saamgestel deur Kobus Boolsen)



## Pompom weed (Campuloclinium macrocephalum)

Pompom weed was introduced to South Africa in horse feed (hay) during the Anglo Boer War (1899) that was imported from Brazil and Argentina. The plant is a serious threat to the conservation of grasslands in South Africa. This invader causes serious degradation of the veld, lowering the biodiversity and reducing the grazing capacity by being unpalatable to large herbivores. Infestations become conspicuous when the plants are in flower between December and March, transforming the veld from green to pink.



## Water hyacinth (Eichhornia crassipes)

Water hyacinth is one of the world's worst aquatic weed due to its invasive potential, negative impact on aquatic ecosystems, and the high rate of costs to control it. This invader forms dense mats which completely cover the water surface of dams leading to altered water chemistry and composition to the detriment of other organisms. Negative effects associated with water hyacinth infestation include the destruction of local aquatic biodiversity, the blockade of river flows which may aggravate flooding and interference with water utilization for activities like recreation or irrigation.



## Famine weed (Parthenium hysterophorus)

This aggressive plant rapidly invades disturbed areas, agricultural land used for crop and animal production, fallow land, roadsides and watercourses, causing severe economic losses and threatening biodiversity.The plant is a known irritant – continuous exposure causes respiratory problems such as hayfever and asthma in humans, as well as allergic contact dermatitis. Cattle that have consumed famine weed are not fit for human consumption and their milk may become toxic.



## Bugweed (Solanum mauritianum)

Bugweed replaces indigenous riverine and forest margin species. This invader also competes with young trees in plantations, particularly pines and black wattle, inhibiting growth and causing stem deformation. It is a host of the KwaZulu-Natal fruit fly which is an economic pest. It has no fodder value and the plants are generally avoided by grazing animals. The unripe fruits are poisonous and the hairy leaves and stems can cause allergic dermatitis and asthma

# Suster Elsie praat oor gesondheid.

Saamgestel deur Elsie Swanepoel



*Elsie is 'n redelike nuwe intrekker aan die gholfbaankant van die dorp. Sy het haar loopbaan voltooi as Teatersuster en het ingestem om belangrike mediese risiko's en raad met ons te deel. Die grootste persentasie inwoners in Kranspoort is reeds bo die ouderdom van vyf-en-vyftig en dus binne die risiko-ouderdom vir allehande siektes, skete, kwale en moontlike mediese insidente. Indien jy nog in die jonger ouderdomsgroep val, moet jouself defnitief nie hierby uitsluit nie. Ons leef in 'n tydperk waar al hierdie mediese risiko's relevant tot almal is. Vir ons eerste rubriek gesels Elsie oor Insulienweerstandigheid. -Red.*

**Insulienweerstandigheid en Adrenalien sindroom**

Die kos wat ons eet word omgesit in glukose. Glukose is jou liggaam(selle) se energiebron. Om energie te gee, moet die glukose wat in jou bloed is, in jou liggaam se selle inkom, voordat jou selle dit kan gebruik. Dit is nou juis *insulien* se werk, dit "stoot" die glukose in die selle in.

Die Pankreas se 'Eilandjies van Langerhans' vervaardig insulien om die suiker wat ons inneem, af te breek in glukose. Elke keer wanneer ons 'n happie kos in ons mond sit, en soveel te meer suiker, word die Pankreas gestimuleer om insulien af te skei. Hoe meer glukose(suiker) jy inneem, hoe meer insulien moet die liggaam afskei om jou metabolisme aan die gang te hou. Dit wat nie verteer of dan verwerk word nie, word as vet gestoor.

Jy kan nou ook verstaan dat as ons heeldag, sonder ophou peusel, die Pankreas hom doodwerk en naderhand uitbrand. Die Pankreas bly net insulien afskei totdat daar 'n oormaat insulien in die bloedstroom rondgaan. Mettertyd sal jou liggaamselle oorgenoeg energie hê en wil nie meer glukose aanvaar nie, hulle word "doof" vir die insulien wat glukose probeer help inkom.

Met ander woorde, ons raak allergies vir ons eie insulien en raak insulienweerstandig. Jy het nou hoë vlakke van glukose, en nog hoër vlakke van insulien in jou bloedstroom. Later kan jou selle wel energie nodig kry, maar hulle is onsensitief vir insulien, wat veroorsaak dat glukose nie die selle opgeneem word nie.

**Tekens en simptome van Insulienweerstandigheid**

- Vetsug, veral te veel "bellyfat".
- Ervaar 'n plato in gewigsverlies, sukkel om gewig te verloor tenspyte van lae kaloriëe-diëet. Ervaar voortdurend "carbs cravings" maw jy voel nooit tevrede nie en ervaar jy moet iets soets eet na etes.
- Ervaar moegheid in middel van die dag, behoefte om daagliks 'n middagslapie te neem.
- Ervaar "Brainfog" en mate van geheueverlies, verlaagde breinfunksie en selfs dementia, "absent minded", "moodswings"(gemoedsveranderinge), kan nie konsentreer nie en later selfs Altzheimer's of beroerte.
- Fluktuering van bloeddruk. Bloeddruk gaan op en af, tekens van swak hartfunksie, Hipertensie en Hipercholesterolemie
- Tipe 2 diabetes kan voorkom gekenmerk deur nagtelike oortollige urinering, en uiteindelik nierversaking
- "Fatty liver"

Oormatige suiker, stress, MSG's (preserveermiddels, geurmiddels en kleurmiddels in kos) veroorsaak verhoging van Kortisol en dit lei ook tot oorafskeiding van insulien en mettertyd Insulienweerstandigheid.

**Adrenale sindroom en Insulienweerstandigheid gaan hand aan hand en simptome oorvleuel.**

As jy aan hoë bloeddruk ly, Hipercholesterolemie, Hipotireodisme, vetsug en tipe 2 diabetes, jammer my maat, jy is siek! Jy het Adrenale sindroom en insulienweerstandigheid.
Die byniere (adrenale kliere) skei Kortisol af.

**Adrenale sindroom lei tot:**
Vetsug, Tipe 2 diabetes, moegheid in die môre, verlaagde libido, verlaagde breinfunksie "brainfog", geheue verlies maw Altzheimer's, Aknee, warm gloede, sinusitis, krampe, opgeblaasheid (maag), vogterughouding, Hipertensie, Allergieë, Arthritis.

**Vir meer inligting lees gerus Dr. Jason Fung se boeke**: The Obesity code en Complete guide to fasting
Jy kan ook luister na sy videos op Internet. Daar is verstommende inligting oor hoe hy diabetes 2 totaal genees het.
*Volgende uitgawe – " Ek ervaar sommige van hierdie simptome, hoe maak ek nou?"*

Kranspoort Geveerde Vriende

## "Een swaeltjie maak nie 'n somer nie….*of is dit geen swaeltjies maak herfs…"*

(saamgestel deur Miemie Snyman)

Plate en plate kosmos op die Hoëveld herinner my gewoonlik daaraan dat herfs aangebreek het. Die son steek sy kop effens later in die ooste uit en die tarentale se wekroep is ook soggens 'n bietjie later. Dis asof alles in harmonie met die natuur is – alles gebeur net so effentjies stadiger en rustiger. Die plante groei stadiger, die akkedisse en koggelmanders is minder rats en die enkele likkewaan op ons plafon kry skrop-skrop sy lêplek vir sy winterslaap gereed.

Ons geveerde vriendjies is ook minder sigbaar. Die kleinstreepswaeltjies op ons stoep het reeds migreer en die Koekoeke is minder hoorbaar. Die kenmerkende roep van die bosveldvisvanger is ook stil.
However, our beloved Kranspoort "Geveerde Vriende" is still up and about. Since the last publication of the Bulletin, we had a successful Annual General Meeting in February. Elsie Cross was re-elected as chairperson and Annemarie Botha as secretary. The annual "Geveerde Vriende" calendar and updated 2022-Kranspoort Bird Species A-3 posters were well received by Kranspoorters in general.

Ons het ook 'n opwindende nuwe projek vir die komende jaar geïdentifiseer. 'n Voorlegging is reeds aan die KEK Omgewingsakekomitee voorgelê. Ons hou styf duime vas dat die totale projek ook deur KEK goedgekeur sal word. Sonder om enige detail te verklap, kan ek net sê … "Watch this space…"

Our next birding day is planned for 9 April 2022. As the sun rises a bit later, we will get together at 6.30 at the Raasblaar community hall. After a cup of coffee and a rusk or two, we will divide into separate groups to identify as many species as possible untill 11.00. Afterwards we will enjoy our traditional "bring-and-braai" at the picnic area. *(due to rain, this was cancelled- Red).*
Elke belangstellende voëlkyker is welkom. 'n Liefde vir ons geveerde vriende en entoesiasme is die belangrikste eienskappe van enige voëlkyker. Ons sien daarna uit om jou te verwellkom.

Kontak ons gerus vir enige navrae – Elsie Cross @ 083 236 5547 of Annamarie Botha @ 082 788 7686

*As bonus tot hierdie uitgawe voeg die redaksie die volledige lys van 230 voëlspesies wat tot dusver in Kranspoort Vakansiedorp waargeneem is.*

# Kranspoorters van die jaar 2021

Saamgestel deur Trisha Louwrens



Kranspoorter van die jaar is nie 'n toekenning wat ligtelik opgeneem word nie en vir die eerste keer word hierdie gesogde toekenning oorhandig aan man en vrou. Elkeen was onafhanklik genomineer en was dit kop aan kop en kon die direksie nie onderskeid maak nie. Met trots ontvang Gert en Wanda Underhay hierdie toekenning, beide persone wat hard werk.

Gert is 'n stille, agter-die-skerms man wat sy hand eerste opsteek wanneer hulp benodig word. Altyd vriendelik, energiek en stap meer as die ekstra myl vir vriend of vreemdeling; Gert is 'n Jan-alleman, boer-maak-'n-plan en ontsien-geen-moeite-nie, tipe man. Dit is veral as lid van die heiningspan wat hy 'n groot verskil maak. Weekliks stap hy kilometers ver, grensdraad langs om inspeksies te doen. Gepantser met 'n draadtrekker, drade, droppers en gereedskap, stap hy om sommer onmiddelik die drade reg te maak. Hy is ook betrokke by die monitering van die kamera's in die veld en Opstopper-reaksiespan. Altyd positief, energiek en getrou (neem selfs sy 2-rigting radio saam na 'n braai vir die weeklike radiotoets op Vrydae).

… en dan is daar Wanda, die Redakteur van die Bulletin wat Kranspoort 'n tasbare ervaring gee wanneer jy dié gesogde tydskrif in jou hand hou. Berigte is relevant, gepak met kosbare inligting en die foto's bevestig die rede waarom ons graag hier wil bly. Sy skram nie weg van kontroversiële onderwerpe nie en die waarheid word koelkop weergegee. Elke bladsy word sorgvuldig ontwerp met die kosbare artikels van elke redaksielid. Die samestelling van die tydskif asook redigering van elke artikel, neem dae om te voltooi! Daarna die drukkers en verspreiding. Die eerste uitgawe, twee jaar gelede, was maar 'n enkele 4 bladsye en nou is dit 'n gesogde en volledige tydskrif wat vinnig uitverkoop.

# Vriend van Kranspoort



So paar jaar gelede is daar nog 'n gesogde trofee bekendgestel, "Vriend van Kranspoort". Hierdie toekenning word met die diskresie aangewys aan iemand wat buite Kranspoort staan, maar wat baie vir Kranspoort beteken.

Hierdie jaar het ons net weereens iemand wat dit baie verdien. As vriend van Kranspoort is Helgaardt Muller (Kranspoort buurman) altyd bereid om te help in tye van nood. Hy koördineer brandspanne, is GPF voorsitter en hy werk nou saam met ons met die opleiding van brandspanne en nog baie meer. Dit alles terwyl hy sy eie besigheid bedryf en ook boer. Helgaardt Muller word bedank vir al sy werk en in die besonder tydens die twee brande wat Kranspoort, die afgelope jaar, beleef het. Johan oorhandig sy trofee.

## Waar kan ek betrokke raak:

**Eredienste en Bybelstudie:**
Elna Smit: 071 241 3344
**Jukskei:**
Dorothy Schnuir 082 872 8577
**Veldwagters:**
Johan Botha : 076 332 2773
**Geveerde vriende**:
Johan Cross: 083 709 0227
**Vonkelvroue:**
Alida Knoetze: 082 299 1218
Luanka Fourie; 082 435 2631

**Joga en Pilatus:**
Ansie J van Rensburg: 082 711 4510
**Lyndans(Line dancing) :**
Santie: 074 545 9410
**Canasta:**
Hester Marx: 082 601 3619
Maryna Labuschagne: 072 379 9003
**Opstoppers:**
Johan Botha: 076 332 2773
**Gholfklub:** Gholfkaptein
Phil Hibbert: 082 804 5205
**Biblioteek:**
Werda Kromhout: 082 458 2219

**Heining inspeksie:**
Deon Taljaard : 083 648 0491
**Kunsklasse:**
Wanda Underhay: 082 941 5051
**Visvangklub:**
Piet Knoetze 0828835729
**Maandelikse Oggendmark:**
Hester Marx: 082 601 3619
**Sosiale Gholf:**
Patrys Steinmann: 083 459 2262
Stephanie Potgieter: 084 811 5357



# Nuwe uitkyk area bo-op Olofberg

deur Piet Groenewald

Soek jy 'n plek waar jy kan stilword, rus en vrede vir jou gemoed kry, of waar jy en jou maat 'n sonsakdrankie kan geniet? Daar is nou nog so ’n plekkie waar jy kan kyk hoe die son sy laaste strale oor 'n gedeelte van Loskopdam weerkaats. Bo-op Olofberg het ons vir jou so 'n plekkie geskep. Ons noem dit die Olofberg-uitkykpunt. Om daar te kom is baie maklik. Aan die einde van Geelvisstraat begin die sementpad na die Toring-watertenk. Draai regs net nadat jy oor die eerste hobbel ry, op die 4 X 4 roete. Volg net die pad vir 1,5 kilometer waar jy die uitkykpunt sal kry. Dit is 'n 4 X 4 pad wat maklik gery kan word met 'n 4 X 4 voertuig of selfs 'n bakkie wat 'n hoë grondvrye hoogte het. Dit is ook deel van die erkende staproete.

Wat kan jy verwag of sien as jy daar aangekom het? 'n Sement bankie wat jou nooi om daar te gaan sit en uit te kyk oor Kranspoortdam, twee visvang plekke, die gholfbaan, ons toegangshek en kantore en 'n gedeelte van Loskopdam. Onthou om jou verkyker saam te neem en jy kan aangenaam verras wees om te sien hoeveel diere laatmiddag op die gholfbaan vergader. Op pad daarheen kan jy dalk njalas, rooi-ribbokke en beslis 'n trop bobejane sien. Laat middag is daar ook 'n familie vlakvarke wat nie baie van ons mense hou nie en gou-gou tussen die bome verdwyn. 30 meter verder is daar genoeg omdraaiplek vir voertuie, want jy moet met dieselfde paadjie terugkom. Oppad terug is daar een opdraende, waar daar 'n paar lastige, los klippe lê. Maar verder is die paadjie mooi skoongesny van oorhangende takke. Besoek die plekkie gerus, dis die moeite werd.

Vat ma vir dogter of dogter vir ma op ‘n stappie in Kranspoort se strate.
Delene Swart en haar ma. In watter ander dorp kan dit nog so veilig wees.

Deur Willie Schoeman



# Vonkelvroue

(Deur Elsabé Strydom)



Hierdie jaar het alreeds afgeskop met twee gesellige byeenkomste. Daar is heerlik saamgekuier en tee gedrink, maar die Vonkelvroue kuier nie net nie, daar word ook aan verskeie projekte gewerk. Die eerste is om Huis Bethesda te ondersteun. Huis Bethesda het huidig 25 gestremde kinders, met baie spesifieke behoeftes. Met die dames se hulp en bydraes kon daar ‘n werklike verskil gemaak word. Verskeie essensiële items, geskenk deur die Vonkelvroue, was deur Alida en Luanka aan hulle gaan oorhandig. Personeel en inwoners van Huis Bethesda bedank al die dames wat bygedra.

Tweedens is die vroue baie fluks aan die brei. Daar is twee brei/hekel projekte aan die gang. Daar word serpe in skoolgrys en vlootblou gebrei, wat aan leerders van De Wagendrif skool geskenk gaan word. Met die winter vinnig op pad, is daar 130 kinders wat ‘n warm serpie hoog op prys sal stel. Die sperdatum vir breiers is einde Mei. Dan is daar ‘n kniekombersie-projek. Dames is besig om blokkies te brei/hekel waarvan komberse gemaak word. In tye van verlies en hartseer, word dit as trooskombersies, aan vroue in Kranspoort geskenk.

Laastens is daar aan elke dame ‘n spesifieke vriendin aangewys. Die doel is om vir ‘n jaar lank jou vriendin beter te leer ken en ondersteuning te verleen wanneer nodig.



# Elsabé se Eko-baksteenbankie vorder

‘n Paar jaar gelede het die Vonkelvroue met n projek begin om 2 liter bottels met plasties en foelie te vul. Daar was ongeveer 800 ecobricks nodig om die bankie te voltooi. Die eerste bank by die piekniekterrein is tans in wording. Piet Groenewald is besig om dit te bou.



Alta Louwrens (89).
Vandat ma saam ingetrek het, het sy begin blokke brei. Elza en Wietske het die blokke in 5 komberse omskep. Sy is baie trots op haar pragtige handewerk en gee dit met soveel liefde. Alta vertrek ook eersdaags uit Kranspoort, wanneer ons na Mosselbaai verhuis. Vyf kombersies is haar liefdesoffer en afskeidsgeskenk aan Kranspoort Vonkelvroue.
Trisha

Kontak vir Alida Knoetze (0829081225) of Luanka Fourie( 0824352631) om betrokke te raak by enige van die projekte en indien jy ons maandelikse damestee wil bywoon.

# Woemas (deur Elsabé Strydom)

Met Covid en Covid-inperking kon Kranspoorters nie soos in die verlede, gereeld saamkuier nie. Dinge het nou verander en die Woemas, onder leiding van Fonnie van Vuuren, is weer volstoom aan die gang. Die 20ste Mei 2022 word ‘n dans gehou met ‘n “Cowboy”-tema. Moet dit nie misloop nie!
Geld wat deur die Woemas ingesamel word, sal gaan vir die opknapping van die Raasblaarsaal se badkamers. Ook vir die installasie van ligte buite die gebou. Tans is dit donker buite die saalgebied en ‘n groot sekuriteitsrisiko. Dit gaan n groot verbetering wees . Baie dankie daarvoor.

Kranspoort Gholf Klub

## Kranspoort Closed Golf Championship

On the weekend of the 12-13 March the Kranspoort Closed Championship took place.
**The winner and Club Champion for 2022 is Lukie Harmse on 150 gross.** In the second place is Jubu Masilele. The lady's Champion is Hanlie Coetser and Sonja v Niekerk in the second place. The winner of the B-division is Cobus Coetser, and the winner of the C-division is Gary Walter, on a count out with Theo van Niekerk. **Congratulations to Theo van Niekerk, member of the year.**







## Sundowner Competition

As from the 8 April 2022 the Club will start with the Sundowner competitions on Friday afternoons. The tee-off time will be from 14h30 onwards. To start, the first prize will be a meat hamper. The competition will be over nine holes and the cost will be R80. The social club and members from other clubs are more than welcome to join in. The idea is to make this a fun event on Friday afternoons. If you do not play golf, you are welcome to visit our club for refreshments. The kitchen and bar will be open.

## On 12 March, the Club AGM took place. The Club Committee for 2022 is:

| | |
|---|---|
| **Chairperson** | Aubrey Potgieter |
| **Golf Captain** | Philip Hibbert |
| **Ladies Captain** | Sonja v Niekerk |
| **Finance** | Wynand Pretorius |
| **Secretary** | Zakolien Fourie |

**Additional Members**
Bakkies Louwrens Gary Walter
Theo v Niekerk
Bronwen Walter
Philip Dunn
Nadine Dunn

We wish these members all the best.

## Future Competitions

As from April the monthly medal competition will be introduced. At the end of the 12 months there will be a play-off. The winner will get the money accumulated during the year. Monthly winners will receive a mug.

**Other competitions planned for the year**

Halewood and Coastal hire
String along day
Know your valley
Men’s + Ladies opens
Western Fun day
Kudu
Couples Challenge
Ryder Cup
Vlakvark
Black Mambas vs Boere
Christmas open
Night Golf
And lots more!!!!!!

## Sosiale Gholf Klub



Twee ondernemende dames wou graag gholf leer speel, maar wou nie Woensdae en Saterdae kompetisie speel nie. Na onderhandelinge met Phil Hibbert, Gholfklub Bestuurder, is die sosiale gholfklub gestig. Patrys Steinmann en Stephanie Potgieter is die stigterslede van die klub. Mans en dames is welkom om aan te sluit. Lidmaatskap beteken dat hulle nou Dinsdae en Donderdae teen ‘n verminderde fooi speel, enige ander dae sal die normale tariewe van toepassing wees. Gholflesse(teen verlaagde kostes) is op Maandae beskikbaar deur ‘n eksterne afrigter, vir die wat hul gholf wil verbeter. Alle navrae kan aan Patrys (083 459 2262) en Stephanie (084 811 5357) gerig word.

The main objective of the social club is to develop the sport of golf and sustainability of the golf club. To join the social club a once off payment of R500 per year is payable. Social members will not get an official HNA handicap. The social club rates for eighteen holes are R80 green fees and R200 per golf cart or R50 green fees for 9 holes and R150 per golf cart. The Club is only for Kranspoort owners.

## First Social Club Competition

Friday the 1st of April, the Social Golf Club had their first competition. It was IPS played over eighteen holes. Anton Dreyer won with Willie Steinmann on a count out in second place. They made forty-one points.





# Jukskei

Saamgestel deur Johan Botha



Weens die Covid maatreëls is die jaarafsluiting verskuif na Januarie en word 'n pragtige gala-aand by Loskopdam se Olifantsaal aangebied. Talle trofeë, medaljes en sertifikate is die afgelope seisoen deur spelers verower en word tydens die glansryke geleentheid deur voorsitter Johan Oothuizen oorhandig.

Vroeg Februarie word 'n interprovinsiale byeenkoms op 'n baie nat Boksburg gehou. Mpumalanga vaar bo verwagting goed en Frans Krige se span wen goud.

Vier van ons Kranspoort spelers kry ook die geleentheid om die provinsie tydens die SA-Akademietoernooi in Kroonstad te verteenwoordig. Mpumalanga vaar uitstekend en verower verskeie trofeë in die onderskeie afdelings. Die provinsie se nuwe vaandel en kleredrag word ook vir die eerste keer gedra.
Johan Botha en Hester Fourie word genooi om MP-Federasie tydens die SA-Seniortoernooi einde Maart te verteenwoordig.

Na afloop van 'n verkorte ligaseisoen tree Kranspoortklub uit as algehele klubwenner, met wenspanne in die C & D afdelings en 2de plekke in die A & B afdelings. Weens streng Covid-regulasies is slegs vier ligatoernooie die seisoen aangebied in plaas van die gebruiklike ses toernooie.



Wenners A2 vir mans bo 50 jaar ouderdom
SA Seniortoernooi, Kroonstad.

Op 4-5 Maart word die ligaseisoen tydens 'n sosiale deurnagspel op Kranspoort se bane afgesluit. Dit sorg vir baie pret en vasbyt. Na 'n gesellige braai, het die spel om 7nm begin en tot 8vm die volgende oggend geduur. 'n Groot vuur het deur die nag gebrand, musiek is gemaak, saam gesing en groot potte sop verorber. Teen sonop was almal papnat gedou, maar steeds het die penne bly klap.



Soos gewoonlik is daar gedurende Maart se markdag weer lekker pannekoek gebak en saam gekuier.
Fondse word aangewend om ons fasiliteite in stand te hou en te verbeter en spelers te ondersteun.



Tydens die afgelope Algemene Jaarvergadering is die volgende komitee ver-kies:



| | |
|---|---|
| **Komitee Voorsitter** | **Johan Oosthuizen** |
| **Visie voorsitter** | **Johan Botha** |
| **Tessorier/sekretaresse** | **Dorothy Schnuir** |
| **Add lede** | **Amy Marais** |
| | **Frans Nelson** |

Die komitee nooi graag belangstellende inwoners om 'n draai te maak en meer te wete te kom oor die oudste eg Suid-Afrikaanse sport. Oefendae is Dinsdae en Donderdae om 16:30.
Besoek gerus ook ons Kranspoort fb-blad vir meer foto's en stories.

# Middelblad voëllys

# Middelblad voëllys

# Kampvuurstories



## Duskant Hopetown (deur Dana Snyman, uit sy boek: Anderkant die Scrap)

Dis moeilik om by iemand wat op daardie droewe vlakte duskant Hopetown gestrand is, verby te ry. Daarom besluit ek dié middag om maar stil te hou by die man, die vrou en die seuntjie wat by 'n ouerige Gypsey-woonwa langs die pad staan.

Ek het ook skaars van die pad afgetrek, toe kom druk die man 'n hand met drie vingers by my venster in: "Middag, Meneer. Ek's Louwtjie, Meneer."

Hy het so 'n tuisgebreide, moulose truitjie aan, 'n Jet-store-denim en 'n paar nerfaf wit Jordan-skoene, van daardies wat eens op 'n tyd deur die popgroep "The Soft Shoes" op TV geadverteer is.

Die seuntjie kom staan met skurwe kniekoppe by hom. Die vrou wag by die karavaan.

"Kan'k help, Louwtjie?" vra ek.

"Ons soek 'n geleentheid , Meneer. Ons is op pad PE toe."

"Nou waar's julle kar?" vra ek want dis net die Gyspey wat daar staan.

Louwtjie laat sak sy kop en kyk na daardie Jordans asof dit die bron van al sy probleme is. "Dis nou eintlik 'n ander ding, Meneer, sien, ons het nie 'n kar nie."

"Nou hoe't julle tot hier gekom, Louwtjie?"

"'n Ou het ons vanmôre van Warrenton af tot hier gesleep, Meneer."

"En hoe't julle op Warrenton gekom?"

Louwtjie wil nog antwoord maar die seuntjie spring hom voor. "'n Ander oom het ons teen 'n snotspoed van Orkney af met sy Camry getrek, Oom."

"Denvontjie, stil jy!" Loutjie sit sy hand op die kind se kop en kyk na my met 'n breë frons tussen die oë. Ëk weet nie hoe om dit vir Meneer te sê nie, maar ons hike met hierdie karavaan, Meneer. Ek sien Meneer het 'n tow bar. Kan Meneer ons nie dalk 'n sleep gee nie?

Dit moet ek van nader beskou, besluit ek, en maak my deur oop.

Louwtjie is een van daardie ouens, besef ek gou, wat al so baie in die lewe gesukkel het dat hy dit nie meer as sukkel herken nie. Vir hom is dit maar hoe dinge moet werk.

Sulke ouens spaar jou gewoonlik ook mos nie die feite nie. In die rukkie wat dit ons neem om van die Condor tot by die Gypsey te stap, vertel hy my sy hard luck-storie: Hoe hy 'n ketelmaker op Secunda was, met 'n huis, 'n Ford Cortina Interceptor, 'n motorboot, 'n swerm wedvliegduiwe en hierdie woonwa.

Toe verloor hy twee vingers in 'n werksongeluk. En toe, later, verloor hy die werk ook. Toe begin hy en 'n vriend 'n tuindienstebesigheid. Maar toe verdwyn die vriend met die die geld en die grassnyers. En toe verloor hy die huis, En die kar, En die boot. Die swerm wedvliegduiwe het hy verruil vir twee visstokke.

En toe, bankrot en desperaat, stoot hulle maar een oggend die Gypsey tot langs die pad buite Secunda en wag daar vir genade. En genade het gekom in die vorm van 'n motor met 'n trekstang wat hulle tot anderkand Hammanskraal gesleep het, op pad Thabazimbi toe, waar glo die moontlikheid van werk was.

Dit het hulle drie dae geneem om op Thabazimbi te kom, maar Louwtjie het nie die werk gekry nie. Toe het hulle 'n draai op Rustenburg gaan maak, steeds afhanklik van motors met trekstange.

Op Rustenburg het Louwtjie wel werk gekry – as nagwag by 'n hoenderplaas. Maar skaars 'n week nadat hy daar begin werk het, breek daar toe Newcastle-siekte onder die hoenders uit en omtrent al die hoenders vrek.

Nou gaan hulle maar Port Elizabeth toe.

"Ek't 'n pel in PE" sê Louwtjie en kyk verby die Gypsey in Hopetown se koers. "Hy gaan vir my 'n job by Goodyear organise."

Ek loer deur een van die Gypsey se ruite. Binne is allerhande goed: koffers, 'n kartondoos waar 'n teddiebeer uitsteek , 'n bottel Limousine-brandewyn, 'n Soda Stream, 'n Bou Bul-vlag en daardie twee geruilde visstokke, nogal met pen 49-katrolle aan.

Die vrou het intussen ‘n mandjie te voorskyn gebring, twee breipenne uitgehaal en begin brei aan iets wat na ‘n geel trui lyk.

“O, sorrie, dis Meisie, my vrou.”

Sy knik skamerig en brei voort.

Ons sleep die Gypsey nader aan die Condor, haak dit. Toe klim almal in: Louwtjie voor langs my, Meisie en die kind agter.

Ek verwonder my altyd aan die gelatenheid waarmee mense soos Louwtjie hulp aanvaar. Ons is skaars tien kilometer weg, toe sit hy lekker diep weggesak in die sitplek met daardie twee Jordans hier voor op die paneelbord, en hy sê: ”Meneer kan nie dalk ‘n bietjie aanstoot nie? ‘n Man wil nie in die donker langs die pad staan nie.”

Ek het aangebied om hulle te tou tot op Britstown waar die pad wegdraai na Port Elizabeth, via De Aar, Middelburg en Cradock. Maar dis moeilik om “aan te stoot”, die Gypsey is heeltemal uit balans.

Duskant Strydenburg leun Louwtjie vorentoe en help homself aan ‘n peppermentjie uit die dosie in die holte by die rathefboom; en anderkant Strudenbrug, toe haal hy ‘n kasset uit sy broeksak en gee dit vir my aan. “Gee Meneer om om dié een vir ons in te sit? ‘n Man is lus om weer ‘n slag goeie musiek te hoor.”

Ek glip die kasset in die masjien, en toe sing Bles: “Ruiter van die windjie wil ek bly, vryer as die voëltjes rondom my…” terwyl Devontjie agtertoe oor die sitplekke klouter, en skree: “Milo! Milo! Oom, kan Milo nie ook maar hier voor by ons kom ry nie?”

Toe vang my oog die truspieëltjie: In die Gypsey, op die slaapbank voor die venster, staan ‘n groot bruin hond na ons in die Condor en kyk. Milo.

Dis nou een ding van die gesuis van ‘n motor se band op die teer: Dit maak jou bewus van allerhande nuwe moontlikhede. Toe ons by daardie windpomp en dammetjie reg teen die pad naby Get-se-pan verby ry, neurie Louwtjie vrolik saam met Bles. In sy kop het hy klaar daardie werk by Goodyear.

“Ek dink ek gaan dié keer ‘n Opel koop – Astra, sixteen valve,” sê hy en help homself aan nog ‘n peppermentjie. “’n Man moet wiele hê, ‘n man sonder wiele is niks. Ek meen, as ‘n man sy vrou movies toe wil vat, of hy wil kerk toe gaan, of hy en sy laaitie wil gaan rugby kyk, wil ‘n man nie stap nie.”

Die gesuis van band op teer laat jou ook allerhande beloftes aan jouself maak.

“En dié keer koop ek vir my een van daardie Home Theatre Systems,” voeg Louwtjie by. “Ek’s klaar met rondloop saans. ‘n Man moet by sy familie wees.”

Agter hom op die sitplek sit Meisie steeds stil en brei aan daardie geel trui.

Naby Witput kan ek die kind se geneul oor Milo nie langer verduur nie. Ek trap rem, swaai van die pad af en hou stil. Louwtjie gaan maak die Gypsey se deur oop. Milo is duidelik tuis op die lang pad: Hy gaan lê op die Condor se agtersitplek en dadelik lig hy ons met ‘n reukie van sy teenwoordigheid in.

“Die stomme dier,” sê Louwtjie en sak weer in die sitplek terug. “Dis nie maklik vir hom nie. Maar ek het net gesê not ‘n hel los ek my hond op Secunda.”

Duskant Britstown, by die afdraai na De Aar, hou ek vir oulaas met hulle stil. Die son hang laag oor die vlakte. Louwtjie gaan maak Milo weer in die Gypsey toe. Ons haak die Gypsey af. Iewers in die veld roep ‘n korhaan. Ek groet Louwtjie en die kind met die hand. Meisie knik net stil in my rigting en laat sak haar oë. Toe ry ek verder.

Eers toe ek by die pertrolpompe op Victoria-Wes uitklim, sien ek die geel trui op die agtersitplek lê. Klaar gebrei en netjies opgevou wag dit daar vir my.

The most beautiful people we have known are those who have known defeat, known suffering, known struggle, known loss, and have found their way out of the depths. These persons have an appreciation, a sensitivity, and an understanding of life that fills them with compassion, gentleness, and a deep loving concern. Beautiful people do not just happen.”
— Elisabeth Kübler-Ross

# Kwêvoël (met sy tong in die kies)

Saamgestel deur die Kwêvoël



Hier is ek ook alweer....

Sit ek mos nou die dag my vere en kam daar op die draad by die laagwater bruggie. Verwonder myself ook terselfdertyd aan die water wat so bruis. Die volgende oomblik val ek amper van my sitplek af van skrik! Iemand se boot en 'n ander tweebenige se trokkie ry toe in mekaar vas! Die een het seker te stadig gery en die ander een te vinnig....sjoe ek het net gedink hier kom 'n groot geveg maar gelukkig skud die twee ooms toe mekaar se hand.

Julle weet mos die reëls sê: “As die mensekinders oor 40 jaar oud is moet hulle nie meer op daai snaakse trappies klim nie.” Wel die burgemeester (sy van beteken mos 'n kruisie of so iets) van hierdie mooie dorpie van ons het nie geluister nie.... Hy val homself toe sommer in die gebou met die groot rooi kruis in daar onder by die groot waters. Siestog en daar moes hy weer hier in die dorp in die middel van die plek waar die son opkom geslag word!

Ai tog, en die kietsie katjies hier by ons. Groot bakleiery veroorsaak! Weet die mensekinders dan nie dat hulle ons kindertjies opvreet nie? Ons harte is so seer as dit gebeur. Asof die seilende gediertes nie genoeg skade aan ons getalle aanrig nie!

Sjoe, die mense wat met daardie snaakse bottels in die sand speel het lekker gespring nou die dag. Hulle maak mos elke Donderdagaand vuur en kuier tot hoe laat! Die volgende oomblik seil daar 'n gedoente rond! Dis toe 'n luislang, gelukkig nie 'n groot een nie. Die mensekinders wonder toe waar die kleintjie se familie is!

Oom Cyril het die hekke van ons mooie land op 'n dag bietjie wyer oopgemaak. Nou ja, daar klim toe 'n klomp Kranspoorters in daai groot blink voëls wat so vinnig kan vlieg. So kom daar ander mense van ver oor die groot waters ook hier in onse paradys aan. Ek lag so lekker in my vlerk, want twee van ons geliefde inwoners het 'n Amerikaanse meisie in die familie bygekry. Sien hulle jongste seun vat toe vrou daar in die vreemde. En nou word daar in die boerehuis net die rooitaal gepraat!!!

Die tannie wat die baas is van onse koerant en haar geliefde vat baie slapies terug die pad met hulle blikhuisie. As onse geveerdes agter die son aanvlieg probeer ons so gou as moontlik om weer by onse verlate nessies te wees. Maar nie hulle tweetjies nie. Sien hulle gaan eet toe eers in die dorp in die middel van Mpumalanga. Glad nie haastig nie. En die blikhuis staan verlate in die winkels se parkeerterrein.

Die mense met daai bottels darem! Hulle speel toe een Vrydag dwarsdeur die nag in die sand! Hulle oge was bloedrooi die volgende môre. Niemand het hulle verder gesien vir die hele naweek nie.



# Sommer ietsie vir die pret!

Woordkode. Voltooi die blokraai deur die kode ontsyfer, vervang elke syfer met die regte letter.

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 9 | 12 | 16 | 3 | 5 | 9 | 16 | 7 | 10 | 15 | 10 | | |
| | | 16 | | | | | | | | | | 2 | |
| | | 4 | | 3 | | | 12 | 5 | 5 | 4 | 3 | 16 | 7 |
| 2 | | 13 | 4 | 5 | 17 | 1 | 2 | 5 | 4 | 13 | | 10 | |
| 5 | | 18 | | 3 | | 15 | | | | | 5 | 7 | 10 |
| 11 | 5 | 15 | 16 | 10 | 4 | 7 | 6 | 16 | 16 | 11 | | 2 | |
| 10 | | 14 | | 4 | | 16 | | 7 | | 16 | | 16 | 10 |
| 15 | | 19 | | 5 | | 5 | | | 18 | 16 | 17 | 10 | |
| 3 | 5 | 13 | | 5 | | 13 | | | | 18 | | 7 | |
| 16 | 13 | | 5 | 15 | 10 | | W | 16 | 4 | | 13 | | 11 |
| 7 | | | | | | | | | | | 11 | | 16 |
| | 8 | | | 3 | 15 | 16 | 16 | 17 | 5 | 15 | 10 | 17 | 9 |
| | 5 | | | 19 | | | | 5 | | | 10 | | 10 |
| 3 | 15 | 5 | 17 | 13 | 7 | 16 | 16 | 15 | 18 | | 15 | 16 | 4 |

Oplossing bladsy 31

1 =
2 =
3 =
4 =L
5 =
6 =
7 =
8 =
9 =D
10 =
11 =
12 =
13 =
14 =
15 =
16 =O
17 =
18 =
19 =
20 =
21 =

# Pitkos vir die siel (deur Trisha Louwrens)

Vandag, terwyl ons ‘n trek beplan en skoonma voorberei vir ‘n kamer in ‘n Herberg (‘n beter woord vir oord), is dit *tough*.  Soms lag ons, soms huil ons en dan is ons opgewonde.

Mý liewe moeder het die meeste van haar lewe geveg vir suurstof.  Eers was dit met behulp van asmapompies en later ‘n permanente suurstofmasjien;  *maar* in haar gees het sy geen beperkings gehad nie!  Nogal ‘n ‘triek’ om die *werklikheid* te balanseer met dít wat in jou ‘*kop’* aangaan.

Sy het ‘n hele tyd gelede vir my ‘n brief geskryf wat my herinner dat Vader my na Sy beeld gemaak het.  Hy het gekyk en gesien dit is goed.  “Jy is my kunswerk, Ek het jou uitverkies om saam met My te wandel.  Weinig minder as ‘n engel het Ek jou gemaak om gekroon te word met eer en heerlikheid.  Ek is jou wagter, jy hoef nie te vrees nie.  Jy’s die sout van die aarde.  Ek is altyd by jou en Ek hou jou hand styf vas en sal jou lei van heerlikheid tot heerlikheid tot in ewigheid”


Ek wens dat hierdie woorde jou ‘kop’ sal vul want dit sal uitbalanseer met die *werklikheid*.  Óf jy mediese behandeling kry, herstel na operasie, of verhuis;  ook wanneer jy vakansie hou en die skepping geniet.

Ek gebruik dié laaste paragraaf om elkeen te bedank wat ons lewe vol gemaak het met ‘fun’, omgee, mooi maak en gebed.  In Secunda het ons net kennise gehad, en was ontwortel maklik.  Ta-ta sê vang ons nou onkant, want nou is daar vriende, vrinne en Bosduif biermanne en is ons nogal huilerig


Blessings vir almal

*Meeste Kranspoorters het sekerlik vir Bakkies en Trisha Louwrens ontmoet. Bakkies op die Gholfbaan of langs die heinings op ‘n vinnige drafstap en Trisha natuurlik in die Admin-kantoor, maar ook as verslaggewer met haar spitsvondige storietjies. Hulle het onlangs besluit om hulle aftree-tuiste naby Mosselbaai te maak en verlaat ons binne die volgende maand of twee. Die Redaksiespan wens hulle alle sterkte en geluk toe vir hulle opwindende nuwe toekoms. In hierdie kort tydjie het julle diep in ons harte gekruip en nog dieper spore in Kranspoort getrap. Ons gaan julle beslis mis. – Red.*


# Foto-gallery : Fotokompetisie deelnemers foto's




Rentia Botha



Rentia Botha




Rentia Botha




Elsie Swanepoel

Ons groet die son, met die wete dat geloof, hoop en liefde ons aan mekaar bind. Elsie Swanepoel




Elsie Swanepoel


# Foto-gallery : Fotokompetisie deelnemers se foto's




Marie Gericke



Alwyn Kruger



Sharon Botes



Douglas Long



Karien Pretorius

# Foto-gallery : Fotokompetisie deelnemers se foto's




Wilna Bosch




Piet Groenewald




Jack Roos



Piet Groenewald




Marie Gericke




Karien Pretorius



Douglas Long




Rita Meintjies



Piet Groenewald



Hannelie Erasmus




Piet Groenewald


**Beoordeling**

'n Paneel van drie lede het deelgeneem. 'n Fotograaf, ons borg – wat die kykers verteenwoordig en 'n lid van die Redaksie-span.

Foto's is sonder identifisering van fotograwe beoordeel. Die volgende kriteria is in ag geneem:

1. Voldoening aan tema en kreatiwiteit
2. Fotografiese waarde: Komposisie en beligting
3. Kykerswaarde

Die volgende kompetisie sal in Junie aangekondig word.




Lappies Labuschagne




Piet Groenewald



Alwyn Kruger



Ambelene Freemantle



Luke van der Merwe



Rentia Botha



Marieta Hamman



Alwyn Kruger



Alwyn Kruger



Alwyn Kruger



Alwyn Kruger

## Kranspoort Bulletin Redaksie

Redaksieleier: Wanda Underhay
wandaunderhay@gmail.com
Selfoon: 082 941 5051

Verslaggewers:
Elsabe Strydom - 082 875 0378
Hester Hattingh – 066 270 7728
Trisha Louwrens – 072 476 7947

Proeflesers
Johan Botha
Erna Ruthvin

## Advertensies

Drie groottes is beskikbaar:

8cm X 8cm ( min of meer 1/6 van A4 bladsy) - R70.00
8Cm X 13cm ( in of meer ¼ van A4 bladsy) - R100.00
16cm X 13cm ( min of meer ½ van A4 bladsy) - R200.00

Kontakpersone
Kranspoort interne advertensies – Wanda Underhay
Eksterne besigheidsadvertensies – Trisha Louwrens

*Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om dankie te sê. Gedurende die AJV is Gert en ek aangewys as Kranspoorters van die jaar vir 2021. Hierdie Bulletin is die rede vir my nominasie, hoewel ek dit aanvanklik inisieer het, is dit beslis nie net my handewerk (en kopwerk) nie. Ek wil dus my waardering uitspraak aan my span, die Bulletin Redaksie wat so hard werk om al die inligting te versamel en gereed kry. Julle is goud werd! Maar dan is daar ook baie ander Kranspoorters wat op gereelde basis bydraes lewer. Sonder julle sal hierdie Bulletin maar 'n yl en kleurlose nuusbriefie wees, ipv die tydskrif waarin dit ontwikkel het. Ons waardeer elke bydrae en probeer om alles wat ons kry, te plaas. (hoewel soms bietjie verkort of aangepas om die vloei en standaard van die Bulletin te handhaaf). Moet asseblief nie ophou nie. – Wanda Underhay (Redakteur).*

## Sommer vir die pret – Oplossings

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | D | V | O | K | A | D | O | P | E | R | E | | |
| | | O | | | | | | | | | | H | |
| | | L | | K | | | V | A | A | L | K | O | P |
| H | | S | L | A | N | G | H | A | L | S | | E | |
| A | | T | | K | | R | | | | | A | P | E |
| M | A | R | O | E | L | P | B | O | O | M | | H | |
| E | | U | | L | | J | | P | | O | | O | E |
| R | | I | | A | | A | | | T | O | N | E | |
| K | A | S | | A | | S | | | | T | | P | |
| O | S | | A | R | E | | W | O | L | | S | | M |
| P | | | | | | | | | | | M | | O |
| | Z | | | K | R | O | O | N | A | R | E | N | D |
| | A | | | I | | | | A | | | E | | E |
| K | R | A | N | S | P | O | O | R | T | | R | | L |



# Advertensies




**Bioway**
**Multi insect**
**&**
**Dustmite killer**




*Kranspoorters,*

*Teen die tyd weet meeste van julle al van BIOWAY MULTI INSECT AND DUSTMITE KILLER. Hier is meer inligting daaroor:*

Dis 'n produk wat GEEN gif bevat wat diere of voëls of mense kan skade aandoen nie, gebruik selfs op plante en jouself ook. Dis langwerkend: nuwe gebruikers spuit dit 1 x pw vir 3 weke na mekaar, daarna is dit eers weer nodig 3-4 maande later. Produk trek in oppervlaktes in soos bv teëlvloere en bly aktief selfs na vloere gewas is. Gebruik op klere in kaste, beddegoed, stoffering, matrasse, matte, gordyne en selfs in koskaste. Dis die enigste produk wat stofmyt doodmaak wat vir sinus en asma verantwoordelik is. Karoo skaapboere gebruik dit op hul skape wat brandsiek kry agv myte. Produk is reukloos en vlek nie materiale of meubels nie. Na die reën en hittegolwe gaan ons nou behoorlik las hê met insekte, so julle is welkom om my te kontak as julle belangstel om aan te koop.

Ansie van Rensburg - Elandsingel 358




Kranspoort dames!


Kom sluit gerus by ons oefenklas aan, Dinsdae en Donderdae in Raasblaar saal. Wintertyd 9:00 - 10:00. Slegs R200 pm vooruitbetaalbaar voor die 7e van elke maand. Ons het n wye verskeidenheid oefeninge, bv Joga, Kallenetics, Pilatus, balle, gewiggies, stokke en rekke. Geen vervelige klas nie! Alle ouderdomme en groottes is welkom. Groete Ansie van Rensburg


082 888 5341
www.go2venues.co.za
Come and visit one of our go2 Venues along the N11 Loskop road
go2 Venues
FOR EVENTFULL MEMORIES
go2 Steakhouse
GOOD FOOD - GOOD FUN - GOOD VIBES
Familie Restaurant
KINDERS WELKOM
VEILIGE SPEELPARKIE
VRIENDELIKE STAF
KROEG
SKOON BADKAMERS
TOP GEHALTE RESTAURANT
HEERLIKE KOS
go2 Beach House
A FUN BEACH - IN YOUR REACH
Beach Parties
SPANBOU
HERDENKINGS
EN VELE MEER.
VERSKEIE FUNKSIES
JAAREIND FUNKSIES
VERJAARSDAE
go2 Chalets
GREAT STAYS • AFFORDABLE • COZY CHALETS
Luukse Chalet Akkommodasie
TENT &
KAMPEERTERREIN
WOONWA-TERREIN
BRAAIGERIEWE
Oop 6 dae per week
09H00 TOT LAAT - BIKERS WELKOM
RUSTIGE ATMOSFEER • GROOT PARKEER AREA • TUISNYWERHEID • SWEMBADDENS & SPRINGKASTELE


Cheers
Windpomp Drankwinkel
Net oorkant die straat
Willemien Amador
084 583 9333
Besigheidsure:
Maandag tot Vrydag : 06:00 - 18:00
Saterdag : 06:00 – 17:00
Sondag : 08:00 – 13:00


PENTAGON
SECURITY CONSULTANTS
SLEEP SOUNDLY WHILE WE STAND GUARD.
WE SUPPLY AND INSTALL ALARM SYSTEMS, CCTV
ALARM MONITORING AND RESPONSE
CALL US AND BOOK A OBLIGATION FREE APOINTMENT
CALL :
LEONARDUS VAN VREDEN
072-868-6519


FOURIE BOU EN ONDERHOUD (PTY) LTD
CIPC Reg: 2019/199398/07
Kobus Fourie
079 500 1741



Maandae - Saterdae: 06:00 tot 18:00
Sondae: 08:00 tot 12:00
KUDU'S
Mini Market
Gesuiwerde water @ R1,50 per Liter
ONS VERKOOP
Groente & Vrugte
Koeksisters
Verskillende vleissoorte
Mopanie & Sekelbos hout
Gesuiwerde Water
Gas Bottels
Bestel jou gunsteling tydskrif enige tyd


DIE VOLGENDE DIENSTE IS OOK BESKIKBAAR
STUUR KONTANT
BETAAL REKENINGE
KONTANT ONTREKKING
LUGTYD
PREPAID KRAG
RICA SIMKAARTE
rica
BESTELLINGS VIR KOEKE, TERTE EN KLEIN KOEKIES KAN BY ONS GEPLAAS WORD
073 898 7174 - David
073 282 7174 - Anthony
kudusminimarket@outlook.com
Voorstelle van nodige produkte word aanvaar vir bestellings




'n Boer is nie net goed in sy werk nie,
HY IS UITSTEKEND
IN SY VELD
Gauteng - Limpopo - Noord Wes - Mpumalanga
Ons bekwame span sal enige elektriese projek beplan, bestuur en uitvoer. Kragopwekkers en sonkrag installasies.
Ons bied brand voorkoming & opsporingstelsels aan met die nuutste kommersiële produkte.
By ons word u gewaarborg vir die mees professionele en doeltreffende sekuriteitsdienste.
Multi-Tech
Electrical Fire Security
087 170 0642 of 072 347 3187
admin@mtsecurity.co.za | www.mtsecurity.co.za


Nails by Né
GEL
Gel Tips R180.00
Gel Manicure R170.00
Gel Overlay R160.00
Gel Toes R130.00
Gel Pedicure R170.00
ACRYLIC
Acrylic Overlay R160.00
Acrylic Tips R180.00
OTHER
Manicure Only R90.00
Fill R90.00
Repair R20.00
Pedicure Only R90.00
Soak R40.00
CONTACT DETAILS
Liné 076 059 4067
384 Klipspringer Kranspoort
Covid Protocol Adhered


KWEKERY • KOFFIEKROEG
CURIO WINKEL
OORNAG FASILITEITE
MOSSIENES
KWEKERY
Kwekery
Die beste pryse in die vallei !!
Verskeidenheid van plante en bome.
Curio winkel
Geskenke vir jonk en oud
071 691 2190
079 219 2216
mossienesloskop@gmail.com


Besoek gerus die
Plaas Deli & Teetuin
ELKE WOENSDAG EN SATERDAG
Die Spyskaart verander weekliks
en word op verskeie advertensie groepe
adverteer op Dinsdae en Vrydae.
Die Deli verskaf plaaslike vervaardigde
produkte en bied ook nuwe
verskaffers ñ platform om van hulle produkte
uit te stal en te verkoop.
Die Plaas admosfeer is rustig en ontspanne.
Die Deli verskaf ook platters,
tuisgebakte brood en vars gebak
op bestelling.
Verjaarsdae partytjies en funksie kan ook op bespreking gereel word.
Tye: Woensdae 09:00 - 15:00
Saterdae 09:00 - 13:00
Ook oop op publieke vakansie dae soos
vooraf adverteer.
Waar: N11 plaas D57 Win A Way
Kontak nommer: Adri - 078 455 7973
Greetings ISLAND


Le Shank Kitchen @
Kranspoort Golfclub
Business Hours:
Tuesdays till Fridays - 09:00 - 15:00
Saturdays - 07:00 - till late
Sundays - 09:00 - 14:00
MENU
Le Shank Breakfast
"Brekkie Roosterkoek"
Cheese Burger & Chips
Chicken Burger & Chips
Russians & Chips
Steak, Egg & Chips
Chicken Mayo Wrap & Chips
Toasted Sandwiches & Chips
Milkshakes
Tea & Coffee
Phone 078 455 7973




# Wietske Smit

Natuurlewe Kunstenaar



**Skilderye van jou keuse, kontak Wietske vir 'n kwotasie of besoek haar webwerf en besigtig haar portefeulje.**

**Kontakbesonderhede:**
**Sel nr. 0730578221**
**Webwerf:**
**www.wietskesmit.co.za**






BFD se advertensie